LIBERTY

Own your life

# Die waarde van advies

## Hoe ‘n finansiële adviseur jou kan help om jou doelwitte te bereik.

‘n Finansiële adviseur is jou finansiële afrigter. Hy of sy is daar om jou te begelei en te bemoedig, maar uiteindelik sal jou finansiële fiksheid afhang van hoeveel jy in die vennootskap belê en hoe toegewyd jy aan jou finansiële doelwitte is.

Ons weet almal ons behoort gereeld te oefen en dat dit ons sal help om gesonder te wees en ons gewig in toom te hou – dus waarom doen ons dit nie?

Gewoonlik is dit omdat ons dissipline kort. Dit is veel makliker om op die rusbank te sit en ontspan na ‘n moeilike dag op kantoor.

As ons egter ‘n persoonlike afrigter gehad het wat elke dag klokslag opdaag, sou ons waarskynlik veel makliker by ‘n oefenprogram kon hou.

‘n Afrigter sou ook ‘n verpersoonlikte program kon uitwerk wat by ons doelwitte pas: om spiere te bou, sou ons met gewigte oefen; om gewig te verloor, sou ons meer op kardiovaskulêre oefeninge konsentreer. As ons swak plekke sou hê, sou die afrigter sekere oefeninge aanbeveel en ons teen ander waarsku, sodat ons nie beserings opdoen nie.

### ‘n Persoonlike afriger vir jou finansiële welstand

‘n Finansiële adviseur is in werklikheid ‘n persoonlike afrigter vir jou finansiële welstand. Ons weet ons behoort ‘n finansiële plan in plek te hê wat onder meer die afbetaling van skuld, ‘n spaarpoging, beleggings en risikodekking insluit, maar wanneer gaan ons ooit daarby uitkom om die plan te skep en in werking te stel?

‘n Finansiële adviseur kan jou help om ‘n finansiële plan op te stel wat by jou doelwitte pas, sonder dat jy risiko’s hoef te neem wat jy nie kan bekostig nie, of deur miskien meer risiko’s te waag (‘n bietjie harder te ‘oefen’) om daardie doelwitte te bereik.

As jy in die versoeking is om van jou spaargeld te gebruik om ‘n nuwe motor te koop, is jou finansiële adviseur daar om jou te herinner aan die uitwerking van ondeurdagte aankope op jou langtermyn doelwitte. En wanneer die markte fluktueer, sal jou finansiële adviseur jou herinner aan die redes waarom jy jou beleggingsbesluite gemaak het sodat jy op jou langtermyn-plan gefokus kan bly eerder as om in die emosies van koerantopskrifte verstrengel te raak.

### Die werklike koste van selfdoen finansiële beplanning

Daar is deesdae baie opsies vir selfdoen-finansie en dit kan dikwels koste bespaar, maar teen watter uiteindelike koste?

Byvoorbeeld, as jy ‘n trauma beleef en nodig het om op jou ongeskiktheidsdekking te eis, sou jy regtig wou probeer om deur middel van ‘n webtuiste te eis vanuit jou hospitaalbed? Of as jy sterf, wil jy hê jou gesin moet hul bekommer oor hoe om jou finansies in orde te kry?

‘n Goeie finansiële adviseur sal na vore kom en die papierwerk hanteer: dit is waarvoor hulle opgelei is.

**Skakel jou finansiële adviseur vandag nog en word finansieel fiks!**

**As jy nie ‘n finansiële adviseur het nie, skakel ons by 0860 456 789 – ons sal jou help om een te vind.**

*Liberty Groep is ‘n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 (“FATD”) (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nòg ‘n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nòg ‘n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van ‘n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.*